**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 2 EENHEID 8: DIE OWERHEIDSEKTOR**

1 Omskryf die owerheidsektor kortliks.

______________________________________________

______________________________________________

2 ’n Eiendomsontwikkelaar in Limpopo provinsie moet die volgende stappe volg: (a) die regering van Limpopo provinsie moet die dorpsontwikkeling goedkeur; (b) die munisipaliteit moet die bouplanne goedkeur; (c) Eskom moet betaal word vir ’n kragaansluiting; (d) aan die einde van die finansiële jaar moet hy belasting betaal op die wins wat hy gemaak het. Noem die komponente van die openbare sektor wat by (a) tot (d) betrokke is.

(a) ____________________ (b) ____________________

(c) ____________________ (d) ____________________

3 Is die belasting wat bogenoemde eiendomsontwikkelaar moet betaal ’n direkte of ’n indirekte belasting?

______________________________________________

4 Die staat doen onder andere die volgende: (a) die staat verskaf water; (b) verskaf werkloosheidsbetalings aan werklose mense; (c) stel die prys van sommige produkte vas; (d) verskaf sommige medisyne gratis. Noem die redes waarom die staat bogenoemde doen.

(a) ______________________________________________

(b) ______________________________________________

(c) ______________________________________________

(d) ______________________________________________

5 As die staat belasting op tabakprodukte hef, wie betaal die belasting?

______________________________________________

6 Wat word die belasting wat op die volgende produkte gehef word, genoem? (a) petrol en diesel (b) goedere in Botswana gekoop (c) verkoop van vaste eiendom.

(a) ______________ (b) ______________ (c) ______________

7 Die staat hef belasting op medisyne wat ’n inhoud van die daggaplant bevat. (a) watter soort belasting is dit; (b) wat is die uitwerking daarvan op die prys van daggamedisyne? (c) hoe beïnvloed die belasting die hoeveelheid gevra?

(a) ____________________ (b) ____________________

(c) ______________________________